

# Maandag 17 Mei

Skrifgedeelte: Jeremia 28:1-17

Fokusgedeelte: Jeremia 28:5-9

## **Luister na God se Woord, dit bring vir jou hoop en redding deur swaarkry heen!**

Ons almal hou daarvan om goeie nuus te hoor. Nie een van ons wil hoor dat jy voor God sondig en ellendig is nie. Die gemoed van die mens eis baie keer net mooi die teenoorgestelde van wat die werklikheid van God se Woord van jou vra.

So was dit ook in Jeremia se tyd. Mense wou dit anders hê as wat hy vir hulle in die Naam van die Here gesê het. Mense het veel eerder geluister na die mooiweersprofete teen wie Jeremia gewaarsku het. Skaars het Jeremia aangekondig dat Juda se mense in ballingskap op pad is na Babilonië, of hierdie vals boodskapper verskyn op die toneel met 'n teenoorgestelde boodskap: Net twee jaar, dan bring die Here al die ballinge terug! Dit is duidelik Gananja se eie begeertes en wense wat hier praat.

Pasop vir daardie mense wat “*in die Naam van die Here*” dinge verkondig wat eenvoudig nie waar is nie. Pasop vir daardie stemme wat net mooi dinge vertel omdat dit ons ore streel en ons goed oor onself laat voel. Jeremia sou natuurlik ook wou sê wat die mense wil hoor, maar dit is nie wat hy by die Here hoor nie. Hy bly getrou aan God se boodskap.

Toets daarom elke stem wat vandag in die Naam van die Here na jou toe kom. Die Woord van die Here sal altyd vir ons sê wat waar is, wie ons moet glo. Die Woord verkondig Jesus Christus as die enigste antwoord op die juk van die sonde.

Luister na die stem wat leer dat jy jouself aan Jesus Christus moet onderwerp en Hom moet vertrou. Ja, al beteken dit opoffering, politieke onderdrukking of vervolging. Luister na die stem wat jou leer om onder die juk van Jesus in te klim, al druis die juk wat Jesus jou gee teen jou eie wil en gevoel in. Luister na God se Woord!

*Sing: Psalm 33-1:5, 6*

*Dr. D Saaiman (De Wet) (Krugersdorp)*